Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 23 Julie 1952. Prys 3d. Nr. 34.

# Grootraad en Laertrek Aanstaande Maand

**Die waarnemende leier van die Ossewabrandwag, mnr. J. A. Smith, kondig aan dat 'n vergadering van die Grootraad wat opgevolg sal word deur 'n Uniale Laertrek, gehou sal word op 22 en 23 Augustus 1952 in die Ambulans-saal, Krieketstraat 2, Bloemfontein.**

Alle eenhede van die Ossewabrandwag wat die tweejaarlikse reorganisasie uitgevoer het; wat kennis van sodanige reorganisasie aan die Uniale Hoofkwartier gegee het; en wie se reorganisasie in orde bevind is ooreenkomstig die konstitusie, sal die reg van verteenwoordiging hê op die Grootraad en die Uniale Laertrek.

Die Grootraad sal bestaan uit die Uniale ampsbekleders, gebiedsleiers, gebiedshoofvroue, hoofgeneraals, generaals en hoofkommandantes (skakelvroue). Die Uniale Laertrek sal bestaan uit alle offisiere met die rang van kommandant en met 'n hoër rang.

Lede van die Grootraad en van die Uniale Laertrek moet self vir hul losies sorg in Bloemfontein.

Aan alle wettige lede van die Grootraad en van die Uniale Laertrek sal kennisgewings gestuur word wat terselfdertyd sal dien as die geloofsbriewe wat aan hulle toegang tot die vergaderings sal verleen.

# NOG 'N EMPIRE-BAND GAAN GESKEP WORD

**'n Verdere stap in die proses van samesnoering van die Britse Statebond het verlede week plaasgevind toe daar op 'n Empire-konferensie oor draadloos-aangeleenthede in Londen besluit is om groter samewerking op nuusgebied sover dit die radio betref te bewerkstellig. Die idee is ook om personeel en programme uit te ruil. Suid-Afrika is deur die direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie verteenwoordig.**

**Onder meer is voorgestel dat Statebondsaangeleenthede op meer gesaghebbende wyse aan skoolkinders deur middel van die radio voorgestel moet word. Radiopersoneel van skole moet ook uitgeruil word. Verder is 'n plan uitgewerk om radioskrywers, regisseurs en ingenieurs van die verskillende Statebondslande in spanne bymekaar te bring vir die opstelling van programme oor belangrike sake rakende die Britse Statebond. Die konferensie het hom uitgespreek oor die noodsaaklikheid van die uitruiling van programme en vir die doel sal afskrifte van programme beskikbaar gestel word.**

**Die besluite van die konferensie moet nog deur die onderskeie regerings bekragtig word. As egter gelet word op die nougesetheid waarmee die Suid-Afrikaanse regering die afgelope jare saamgewerk het om die Britse Empire-bande op militêre en ekonomiese gebied te verstewig, dan kan met redelike sekerheid gevrees word dat hierdie nouer Britse bande oor die eter ook bekragtig sal word. Die Britse Empire is besig om tot 'n volmaakte organiese eenheid saamgesmelt te word, en dit op 'n tyd wanneer Engeland nie meer die „beskermer" van Suid-Afrika is nie, soos die Sappe altyd beweer het, maar juis die armlastige en hulpbehoewende wat deur Suid-Afrika aan die lewe gehou moet word.**

Ons hoef nie meer kommentaar op hierdie imperialistiese stap te lewer as wat die Cape Times uitspreek in sy vreugdevolle verwelkoming van hierdie stukkie Empire-diens nie. Ons kan nog net byvoeg dat Suid-Afrika en sy volk reeds dermate in 'n Britse atmosfeer lewe weens sy verknogtheid aan Brittanje dat meeste pogings om Afrikaanse instellings teenoor of langs die Britse instellings in ons land te skep, dit nooit veel verder bring as om net Engelse vertalings te wees nie. **Ons denke is Brits, ons feite-versameling is Brits, ons handel is Brits, ons verdediging is Brits, ons onderwys is Brits, ons regeringswyse is Brits. En nou gaan ons ons kultuur nog 'n verdere Britse insouting gee deur die groter ineenskakeling van radio-dienste, met nadruk op Statebondsverheerliking in ons skole.**

**Die Cape Times skryf:**

**SMUTSBELEID**

„Die tentatiewe besluite wat geneem is op die Statebond se draadlooskonferensie, sal 'n nuwe en belangrike ontwikkeling in die uitsaaiwese teweegbring indien hulle uitgevoer word. **Hulle sal in hierdie kragtige dog nog jonge kulturele mag die idee van samewerking en nouere vennootskap bring wat reeds ander afdelings van Statebondsverhoudings so vrugbaar kenmerk. Was dit nie vir die oorlog nie, sou dit reeds al plaasgevind het (onder die Smutsbewind natuurlik! — Red., O.B.)** . . . In hierdie tyd, wanneer die luisterende ore van die wêreld met ander standpunte en ideale naarstigliker gebombardeer word as wat dr. Göbbels dit ooit gedoen het in die vooroorlogse dae, kan die Statebond nie langer die mag wat hy deur middel van die radio in sy hande het misken nie.

**NET SOOS VERDEDIGING**

**„Gevolglik is dit 'n ontwikkeling wat net so natuurlik is as dié op die gebied van verdediging en finansies — om maar twee gevalle te noem — dat die radio-stelsels van die Statebond hul geweldige bronne verenig.** Hulle staan vir gemeenskaplike ideale, en hoewel die B.B.C. uit die hart van die Statebond spreek, is dit nog nie die stem van die Statebond wat gehoor word nie. Nogtans het die Statebond 'n stem wat gehoor en 'n invloed wat uitgeoefen kan word. Dit moet die oogmerk van die Statebond wees om daardie invloed te laat geld, maar dit kan die beste gedoen word deur middel van samewerking, en in baie opsigte deur die daadwerklike ineenskakeling van dienste, soos byvoorbeeld nuusdienste."

**(Suid-Afrika se nuusdienste wat sy pers bedien is reeds so eensydig Brits dat ons volk niks verneem van enige belangrike gebeurtenis in die res van die wêreld nie behalwe in sover dit Brittanje op die een of ander wyse raak, en nou moet ons radio-nuusdiens blykbaar ook hierdie verbritsende weg opgaan.—Red., O.B.).**

**VOORHEEN NIE GEDOEN**

**Die Cape Times herinner daaraan dat terwyl nouere samewerking met Brittanje en ander dominiums reeds vrugte afgelewer het, „dergelike samewerking met hierdie land uitermate beperk was, deels weens politieke oorwegings in ons land, en deels, vermoed ons, weens die loflike dog verkeerde praktyk om heeltemal of grootliks staat te maak op Suid-Afrikaanse talent in die oortuiging dat dit die beste wyse is om 'n Suid-Afrikaanse kultuur te ontwikkel . . .**

„Daar bestaan 'n geweldige veld vir die uitruil van programme sowel deur afskrifdienste as in groter mate deur regstreekse heruitsendings van lewende programme **ten einde die Statebond 'n groter werklikheid en lewende ding in die gees van die volkere te maak.**

## Draadloos as Werktuig vir Imperialisme

**VERWEK EMPIRE-GEES**

**„Die Kersfees-,hook-ups' van die B.B.C. het op geslaagde en indrukwekkende wyse getoon hoe warm en intiem die gevoel van Statebondseenheid gemaak kan word. Bestaan daar enige rede waarom hierdie warmte van gevoel net eenmaal per jaar aangewakker moet word?"**

**As hierdie Empire-konferensie met hierdie besluite plaasgevind het onder 'n Sap-bewind, kan mens jou voorstel watter reaksie dit in die lig van die Cape Times se aanprysing sou gehad het in ons nasionale geledere. Nou, egter, dat dit gehou word tydens 'n Nasionale bewind en met sy verteenwoordiger daarop, word hierdie voorgestelde Empire-verstewiging met dieselfde gelatenheid deur die volk en sy pers aanvaar as wat die oorlogsverpligtinge van Suid-Afrika en ons ekonomiese hulpverlening aan Brittanje aanvaar is. Ontwikkelinge wat onder genl. Smuts sou plaasgevind het — so sê die Cape Times immers — sal blykbaar nou afgerond word onder 'n Nasionale bewind, en dit alles tot groter opwekking van die „warmte en eenheid van gevoel" binne die Empire!**

**Maar ons volk se belangstelling is op die oomblik veel groter in die stryd teen sy eie Appèlhof as in sy stryd teen die Britse Empire. Dit het ons aan partypolitiek en Britse parlementarisme te danke.**

## Verkies om Vas te Bly

**'n Britse parlementslid het voorgestel dat die koninkryke van die Britse Statebond saamgebind moet word in 'n ekonomiese federasie. Mnr. Churchill, eerste minister, het die voorstel sommer in die kiem gesmoor.**

Die Cape Times in Suid-Afrika vind dat mnr. Churchill reg gehandel het. Die dinge wat mnr. Beswick (dis die naam van die betrokke parlementslid) met sy voorstel wou bewerkstellig sal baie doeltreffender bereik kan word, sê die blad, as daar op natuurlike wyse te werk gegaan word in plaas van formele instellings te skep; en daarbenewens sal dit die Statebond die voordeel van buigsame verhoudings gee wat tog meer saambindend is as vasgelegde bande of ooreenkomste.

**Waarskynlik is die blad reg. Want ons het die eienaardigste posisie in ons land dat baie Afrikaners sê: Solank ons vry is om ons los te maak van Brittanje, verkies ons om vas te bly.**

## Eenderde van Britte het nie Baddens

Een uit elke drie Britse gesinne besit nie 'n bad nie, volgens 'n voorlopige verslag van verlede jaar se sensusopname. Een uit elke twaalf mense het nie latrines met waterinstallasies nie en vyftien persent deel dit met ander. Dertien persent van die huishoudings het geen wasbak in die kombuis nie of deel dit met andere.

## Meeste Koerante Bevooroordeeld

**Die meeste koerante in Suid-Afrika, Engels en Afrikaans, wat werklik geslaag is, word tot groot hoogte met 'n politieke vooroordeel bestuur, het mnr. P. G. J. Meiring, sakebestuurder van Die Transvaler, in 'n lesing oor die pers gesê.**

**Hy het gesê dat die politieke bewustheid van die Suid-Afrikaanse koerante en publiek afbreuk gedoen het aan die standaarde van joernalistiek en dit moet afgekeur word, maar daar kan niks aan gedoen word nie.**

## Meer Gaan Dood Aan Kanker

'n Groot toename aan kankersterfgevalle dwarsdeur die wêreld word gerapporteer deur die Wêreld-gesondheidsorganisasie. Veral geld dit ou mense van bo die 70 jaar. Terwyl die sterftesyfer weens kanker in Engeland 33,000 in 1911 was, het dit tot 90,000 in 1949 toegeneem. In Suid-Afrika sterf vandag vier maal soveel blankes aan die siekte as in 1912, en in Nu-Seeland vyf maal soveel as aan die begin van die eeu.

Volgens die verslag het sterfgevalle weens kanker in die asemhalingsorgane in die meeste lande vinnig toegeneem, veral onder mans. Dit sterk die vermoede dat rook 'n belangrike aanleidende faktor tot die ontstaan van longkanker is.

---

**Vier-en-dertig veroordeeldes** is verlede jaar in die Unie opgehang, hoofsaaklik weens moord. Altesame is 77 mense ter dood veroordeel, maar die res is begenadig.

## Wetenskap se Beperking

**„Die wetenskap het die mens se lewenstandaard verhoog, sy gesondheid verbeter, en verskeidenheid in sy ledige ure gebring, maar ongelukkig het dit nie daarin geslaag om die sedelike peil van die mens te verbeter nie," het mnr. L. F. Addis-Smith in sy voorsittersrede op die jaarkongres van die Suid-Afrikaanse skeikundige instituut gesê.**

„Die mag van die wetenskap om te verander en te vernietig skyn onbeperk te wees, maar dit is 'n verskriklike gedagte dat, vir die eerste keer in die geskiedenis, is dit nou moontlik vir die menslike ras om selfmoord te pleeg," het hy gesê.

# Weer 27 Nuwe Lesers

**Dit lyk of ons lesers nou hul tweede asem gekry het met die werwing van intekenare op Die O.B. Ons kan hierdie week weer 27 nuwe lesers aankondig wat deur getroue ondersteuners van ons blad gewerf is. Die naam van mnr. D. J. Joubert (hoofkommandant) van Montagu, verdien eervolle vermelding. Hy het vir ons twintig intekenare vir een jaar elk gestuur. Baie dankie, oom Dawid!**

Ander insenders is mnre. M. J. Palm, Bethlehem; H. C. Luitingh, Pretoria; J. P. Burger, Parys; B. F. Burger, Prieska, wat elkeen een intekenaar vir 'n jaar gestuur het, en mev. J. Theron, Koffiefontein, wat weer drie vir een maand gestuur het. Hartlik dank aan al hierdie ondersteuners!

DIE O.B., WOENSDAG, 23 JULIE 1952

# TYD IS TEEN ONS

Daar is nog nooit 'n verkiesing in ons land oor die republiek gehou nie. Nog elke keer het die party wat republikanisme op sy vaandel skryf, uitdruklik voor 'n algemene verkiesing te kenne gegee dat die verkiesing oor ander dinge gaan as 'n republiek. Hoeveel stemme die Herenigde Party in 1948 gewen het deur sy verloëning van die republiek as 'n verkiesingspunt, kan natuurlik nie vasgestel word nie, maar mense wat 'n ontleding gemaak het van die stemme-posisie het tot die gevolgtrekking gekom dat daar heel weinig Engelse stemme op die Herenigde Party uitgebring is, en dat die party se meerderhede hoofsaaklik toegeskryf moes word aan die groter getalle Afrikaners wat in die jare voor die verkiesing stemgeregtig geword het. Volgens die sensus van 1936 was daar in die ouderdomsgroep van bo 21 jaar nie veel verskil tussen die getalsterkte van Afrikaans- en Engelssprekendes nie, maar in elke sewe-jaargroep na onder het die Afrikaners 'n groter oorwig getoon sodat daar in die destydse groep van onder sewe jaar 2.15 Afrikaners was teenoor elke Engelssprekende kind. **Dit is hierdie groep wat aanstaande jaar vir die eerste maal na die stembus sal gaan. Die Nasionale Party kan dus daarop staat maak dat hy nagenoeg twee van die nuwe stemme sal kry teenoor slegs een wat die Verenigde Party op kan hoop.**

**Hierdie voordeel wat die natuurlike aanwas die Nasionale Party bied, is egter aan die verbygaan. Die sensus van 1946 het aan die lig gebring dat die geboorte-voorsprong van die Afrikaner in die jare voor 1936 sy toppunt bereik het. Sedertdien het die verhouding tussen die twee groepe weer geleidelik begin krimp sodat daar in die onder sewejaargroep van 1946 reeds minder as twee Afrikaners teenoor elke Engelssprekende was. Die statistieke toon verder dat die Engelssprekendes se getalle in die jongste groep met 34 persent toegeneem het teenoor 'n toename van slegs 24 persent in die geval van Afrikaanssprekendes.**

**NET TYDELIK**

Hierdie toestand moet ongetwyfeld aan die verstedelikingsproses van die Afrikaner toegeskryf word en tot 'n mate van immigrasie van jeugdiges uit Engeland. In ieder geval dui dit aan dat die natuurlike aanwas van die Afrikaner net 'n tydelike voorsprong bied, hoewel dit sy gevolge by die stembus nie so onmiddellik sal laat voel nie.

Daar is egter ander faktore wat die verhouding van potensiële republikeinse stemme spoediger en nadeliger gaan beïnvloed. **Die eerste is die feit dat die verstedeliking van die Afrikaner 'n nuwe mentaliteit meebring wat in die verlede by die oorgrote meerderheid Afrikaners nie bekend was nie. Die industrialisasie skep in steeds toenemende mate 'n arbeidersklas wat 'n eie stempel ontvang van die uit Brittanje ingevoerde vakbondwese, waardeur die broodvraagstuk tot die allesoorheersende oorweging verhef word. Ons moet ons maar daarvoor klaarmaak dat die tweede geslag wat in die stede opgroei nie meer dieselfde sentiment ten opsigte van ideale sal openbaar as wat kenmerkend van die jong Afrikaner van hierdie geslag is nie, van wie die oorgrote meerderheid nog die plattelandse gees in hul stedelike ouerhuise geadem het.**

**GEEN PROPAGANDA VIR JEUG**

Hiermee hang saam dat solank die Nasionale Party aan bewind is, hy die republikeinse ideaal in die yskas laat waarin hy dit voor die verkiesing geplaas het ook wat die propagering daarvan betref. **Inderdaad het ons gesien hoe die party nie net alleen die republikeinse propaganda in die afgelope jare gestaak het nie, maar selfs die Empire in sy nuwe gedaante gepropageer het as ideaal. Jong kinders wat in die dae van opposisieskap met die republiek in hul ore groot geword het, word nou groot met die aanprysinge van die Britse Statebond in hul ore. Die vroeëre afkeuring van versterkte handelsbetrekkinge met Brittanje as 'n Empire-gesinde „Buy British-beleid" is nou vervang deur beroepe op Afrikaners om geldelik „op te offer" vir Engeland se welsyn. In die plek van protes teen „insleping in Britse oorloë" het nou gekom aankondigings dat Suid-Afrikaanse ministers en stafhoofde samesprekings voer in verband met Ryksverdediging, en die vasstelling van Suid-Afrika se bydrae sover as die Midde-Ooste.**

**Van die Britse Empire word nooit meer in Nasionale Partykringe gehoor nie. Daar word selfs beswaar gemaak as na die Britse Statebond as „Brits" verwys word.**

**Dit spreek vanself dat die opgroeiende jeug in sulke omstandighede die republikeinse tradisie heeltemal moet afsterf. Hulle sal opnuut tot republikanisme oortuig moet word net soos die Engelssprekendes.**

**TYDGEES OOK TEEN ONS**

'n Derde belangrike faktor teen republikanisme is die groeiende neiging na wêreldeenheid. Die wêreld het kleiner geword en selfs op kerklike gebied is daar sterk bewegings aan die gang om op wêreldskaal te organiseer. Teen hierdie aantrekkingskrag lyk die trekkrag van 'n republiek maar skraal veral waar teenstanders van die ideaal dit verkeerdelik as 'n begeerte na isolasie voorhou.

Ten slotte is daar die belangrike dog onberekenbare faktor van immigrasie. Selfs onder die Nasionale bewind

(Vervolg in volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kol.)

het Britse immigrante nog steeds 'n voorsprong, en indien die opposisiegroepe uiteindelik weer aan bewind gaan kom, kan Britse immigrasie nog 'n groter oorwig teen die republikeinse elemente opstapel, hoewel in geringe mate daarvoor vergoed sal word deurdat die Nasionale Party as opposisie dan weer waarskynlik republikeinse propaganda sal maak.

In ieder geval skyn dit of republikanisme soos ons geskiedenis dit ken, op die afdraande pad is. **Die tyd skyn teen ons te wees, en daarom is dit gebiedend noodsaaklik dat alle bewuste republikeine sonder versuim mekaar moet vind in een sterk organisasie wat sowel kragtige propaganda kan volhou as die nodige druk uitoefen op 'n regering wat aan bewind gestel word byna uitsluitend met republikeinse stemme of minstens stemme wat nie antirepublikeins is nie, of as drukuitoefening nie help nie, self stappe kan doen om die koms van 'n republiek te bewerkstellig.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Republikeinse Studente*

Van mnr. Bertus van Rooy het ek 'n brief gehad waarin hy skryf dat hy nog steeds elke uitgawe van Die O.B. van 'n kant deur lees. Hy vind dit net jammer dat ons nie berig het van die Afrikaanse Studentebond in Pretoria se besluit om sy organisasie in te rig op die stelsel van die ou Suid-Afrikaanse Republiek nie.

Ek moet sê dat ek ook jammer voel oor die versuim, maar oor een of ander rede het ek nooit so 'n berig in die dagblad-pers opgemerk nie. My leser kan gerus meer besonderhede oor die saak stuur. Mnr. van Rooy skryf dat die studente reeds volgens hierdie republikeinse model 'n president en volksraad gekies het en dat hierdie herlewing van die volkseie groot geesdrif onder die studente verwek. Hulle „Volksraad" se banke is ook in halfmaan-vorm opgestel, net soos die banke in die partylose Volksraad van die Republiek. My lesers onthou nog seker die portret wat Die O.B. 'n jaar of wat gelede van die twee volksrade geplaas het. Dié van die Republiek het die banke almal in een rigting getoon met die gesigte na die voorsitter gerig, net soos 'n kerkraad of enige ander stigtelike vergadering ingerig is.

### *Teenoor Mekaar*

Die huidige parlement daarenteen is soos 'n skaakbord opgestel. Die banke is in twee groepe teenoor mekaar opgestel, met die voorsitter of „Speaker" op die dwarste. Die idee is nie dat daar met mekaar beraadslaag word nie, soos van ware volksverteenwoordigers verwag word nie maar dat daar 'n wedstryd tussen die twee partye afgespeel moet word waarin die „speaker" niet as die skeidsregter is soos by 'n tennistoernooi, waar hy in die middel langs die baan sit. Die hele Britse stelsel gaan uit van die veronderstelling dat die volk in twee groepe verdeeld moet wees wat teen mekaar oorlog voer met woorde. Geen volk kan op die wyse na 'n bestemming gelei word nie. En daarom is ek bly om te verneem dat daar in die ou Republikeinse hoofstad darem nog jong Afrikaners is wat op praktiese wyse ons eie volksopbouende stelsel verkondig.

### *Blad in die Noorde*

Mnr. van Rooy meen dat daar op die oomblik 'n behoefte bestaan aan 'n republikeinse blad in die noorde, en wel op die grondslag van ons tradisionele republikeinse Calvinistiese wêreldbeskouing. „Sal dit nie gaaf wees as 'n mens 'n sodanige orgaan het op 'n republikeinse bodem wat in die eerste plek positief arbei aan die uitbouing van 'n moderne Suid-Afrikaanse republikeinse staatkunde nie?" vra hy. „'n Kaapse blad soos Die O.B. is natuurlik nodig om die Kapenaars los te wikkel van hul Brits-parlementêre tradisie wat al 150 jaar oud is, en die enigste tradisie is wat hulle het. Dit is wat Die O.B. in die praktyk besig is om te doen. Daarom dat daar ook steeds krities verwys moet word na die bestaande parlementarisme. Indien daar ooit 'n orgaan hier in die Noorde gestig word, moet dit die Afrikaanse ekwiwalent wees van die New Statesman and Nation — noem dit maar Moderne Staatkunde, Die Moderne Staat, Die Staatsman, Christelike Staatkunde. Soos 'n professor op Potchefstroom dit uitdruk: op die oomblik word in Suid-Afrika partykunde beoefen en geen staatkunde nie.

### *Beoefen net Partykunde*

Nou ja, ek waardeer die toekomsgedagtes van my vriend. Die O.B. sal enige hulp in die Noorde op die republikeinse pad verwelkom in die stryd om weer staatkunde in die plek van partykunde in ons land in te voer. Ek vind dit 'n treffende onderskeiding: partykunde teenoor staatkunde. Ons het inderdaad deskundiges op die gebied van partykunde — deskundiges om verkiesings te wen met allerlei slagkrete en sette — maar ons staan nog ver van die staat waarin deskundiges seggenskap sal hê deur, onder andere, verteenwoordiging van beroepe, soos die Ossewabrandwag bepleit. Maar die dag sal daarvoor aanbreek, en miskien gouer as wat baie van ons dink.

# VLIEËNDE PIERINGS RUSSIESE WAPEN?

**'n Man wat beweer dat hy 'n „vlieënde piering" van naby gesien het in die Russiesbesette deel van Duitsland, het onlangs na die Weste gevlug waar sy verhaal groot opskudding in kringe van die veiligheidsdienste veroorsaak het. Moontlik staan die onlangse bevel van die Amerikaanse lugmag aan wagposte om vir 24 uur uit die 24 uur wag te hou en moontlike „vlieënde pierings" dop te hou, in verband met die inligting wat deur die Duitse ooggetuie verskaf is. Die vermoede begin blykbaar te ontwikkel dat „vlieënde pierings" die een of ander geheime uitvinding van Rusland is.**

Die ooggetuie is Oskar Linke, voormalige burgemeester van Gleimershausen wat verklaar dat hy op 'n dag naby die dorpie Hasselbach twee goed gesien het wat soos mense lyk, geklee in glinsterende metaalagtige klere. Toe hy oor 'n rantjie loer, het hy 'n groot ovaalvormige voorwerp gesien soos 'n opwarmingspan. Aan die kant van die voorwerp was daar twee rye gate van ongeveer 'n voet wyd, en bo-op 'n uitkyktoring waardeur die twee manne haastig na binne verdwyn het. Kort daarna het die buitenste deel van die „pan" waarin die gate was, begin gloei, eers groen en toe rooi, waarna dit opgestyg het. Die snelheid het vinnig toegeneem namate dit opgestyg het met 'n fluitgeluid. Daarna het dit geswenk en oor die heuwels en bosse verdwyn.

Inmiddels is verdere getuienis van Amerikaanse loodse ontvang wat die Amerikaanse lughoofde ongemaklik laat voel. Twee loodse van die Pan American Airways het verklaar dat hulle Maandagnag, verlede week, agt „vlieënde pierings" in gelid sien vlieg het teen 'n snelheid van ongeveer 1,000 myl per uur. Hulle het 'n gloeiende rooi-oranje kleur gehad. Hul verslag word deur die lugmag ondersoek.

Die hoof van die afdeling van die Amerikaanse lugmag wat ondersoek instel na vlieënde pierings, het verlede week verklaar dat rapport van radareenhede ontvang is dat voorwerpe in die lug waargeneem is wat teen 'n snelheid van 1,500 tot 2,000 myl per uur beweeg.

# Tronk Toe

Solly Sachs en Moses Kotane is verlede week onderskeidelik tot ses en vier maande tronkstraf veroordeel in die Johannesburgse magistraatshof op aanklag dat hulle die verbod om byeenkomste by te woon verontagsaam het. Dr. Dadoo en 'n paar naturelle is by dieselfde geleentheid met tronkstraf gevonnis. Almal het geappelleer.

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY

**SANLAM**

IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

**Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM**

★

# Stemme Styg op Teen Partystelsel

**Die partypolitiek moes die afgelope weke deurloop in die briewe-kolomme van die onafhanklike nuusblad, Dagbreek. Skimpe op hierdie stelsel is ook vervat in die Cape Times. 'n Redaksionele medewerker van die Engelse blad skryf na aanleiding van die Wakkerstroomse tussenverkiesing dat dit kenmerkend van die Suid-Afrikaanse verkiesingsmetodes is dat geen leser hoegenaamd iets omtrent die betrokke kandidate self weet nie. Hulle name is maar vaag bekend.**

Hul enigste belangrikheid is dat hulle vir twee opponerende partye staan. „Of enigeen van hierdie manne die vermoë het om 'n bydrae tot Suid-Afrika se welvaart te lewer, weet niemand buite Wakkerstroom se kiesafdeling nie en gee niemand ook blykbaar om om te weet nie.

„Êrens het ek gesien dat die twee Nasionale kandidate twee boerende broers is wat eens op 'n tyd kaalvoet deur die dorp gegaan het om melk af te lewer. Dit is 'n skilderagtige trekkie in die gees van die Amerikaanse ‚houthuis tot Withuis-tradisie.' **Maar niemand het te kenne gegee of enigeen van hulle politiek belangrik sal wees nie. Solank hulle maar die party dien deur op die regte tyd „ja broer" te sê, gee niemand blykbaar om nie."**

### ALMAL NODIG

In Dagbreek skryf S. M. van der Lingen, Vredefort, dat daar tog seker genoeg mense aan weerskante is wat besef dat ons ons groot vraagstukke alleen kan oplos as die beste intellekte uit albei groepe hulle kragte daartoe inspan, en as ons die energie en vernuf waarmee ons mekaar nou beveg, mekaar se woorde verdraai en mekaar se bedoelings verkeerd uitlê, konstruktief aanwend. Maar die partytoestand verhinder hierdie mense om mekaar te vind. In Engeland waar die partystelsel ontstaan het, word dit oorboord gegooi sodra 'n nasionale nood ontstaan. In ons eie bevolkingsomstandighede het die partystelsel sonder twyfel hopeloos misluk.

### VEREIS STRYDPUNTE

F. Henning, Johannesburg, skryf as volg oor dieselfde onderwerp:

„Die verwyt word dikwels, indien nie gereeld nie, aan politieke teenstanders gemaak dat hulle die een of ander saak ‚verraai.' **Daarby word één ding vergeet: dit is dat die partystelsel strydige opvattinge nie alleen veronderstel nie, maar vereis.**

Sodra iemand aanneem dat hy reg handel deur een party te ondersteun, ondersteun hy vanselfsprekend ook die beginsel van die partystelsel, naamlik dat daar 'n teenstander vir hom op politieke gebied moet wees. As een persoon die reg het om aan een party te behoort het 'n ander dieselfde reg om aan 'n ander party te behoort. En as die aanhanger van die een party verwag dat andere sy opinie moet respekteer, het die aanhanger van die teenoorgestelde party die reg om dieselfde te verwag.

**„Op dieselfde basis beskou, kan 'n man nie 'n verraaier heet bloot omdat hy een party steun teen 'n ander party nie. Albei ondersteun per slot van rekening 'n stelsel wat ten hooftaak het om verskille te beklemtoon en mense te verdeel. Want solank as een party sy eie bestaan of voortbestaan regverdig, solank regverdig hy die bestaan van 'n teenparty. Solank as daar op 'n partypolitieke basis gedink word, solank word aan die geheel skade berokken, want 'n volk bestaan nie uit of in een party nie.**

### DINK TOG OOK AAN TOEKOMS!

D. B. Lombard, Bloemfontein, skryf: „Ons dink deesdae blykbaar aan niks anders as partypolitiek en monumente nie — partypolitiek om te kan regeer, en nou al monumente om by te gaan ‚ween.' Sal ons nie 'n slag ook aan die toekoms dink wat ons vir ons kinders behoort te skep nie?"

S. J. Burger, Parys, skryf: „Broedertwis sal nie ophou en Afrikaner-eenheid nie bereik word nie deur by een of ander party aan te sluit. Hoe kan mens eenheid verwag binne 'n stelsel waar mense mekaar moet uitjou, mekaar se woorde verdraai, vergaderings opbreek en mekaar selfs in die hospitaal beland?"

## *Marteling*

'n Amerikaner wat agtien maande in die tronke van kommunistiese Sjina aangehou was, het 'n aangrypende verhaal van marteling vertel nadat hy ontsnap het. Die kommuniste het hom onder andere „inspuitings" gegee om sogenaamde „vrywillige skuldbekentenisse" van hom te kry.

## Buffelvleis

Mnr. J. G. Strydom, minister van lande, het tydens 'n besoek aan die wildtuin, waar hy met 'n aantal amptenare na buffels gaan kyk het, die gedagte uitgespreek dat buffels vir vleisdoeleindes makgemaak moet word. Hy het aan die hand gedoen dat ondersoek na die moontlikheid ingestel moet word.

Na verklaar word het buffelvleis dieselfde smaak as beesvleis, maar 'n buffel weeg veel swaarder as 'n bees. Daar word beweer dat buffels selfs 'n gewig van 3,000 pond kan haal.

# *REPUBLIEK IS MAAR ENIGSTE OPLOSSING*

**„In ons land is die eerste helfte van hierdie jaar gekenmerk deur die Van Riebeeck-feeste en die konstitusionele ‚krisis.' Die een het daarna gestreef om soveel moontlik die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrikaanse nasie voor te hou, terwyl die ander die bevolking in twee kampe gejaag het wat in 'n verbete stryd gewikkel is," skryf prof. S. du Toit van Potchefstroom in die jongste aflewering van Koers.**

Ten aansien van eersgenoemde verklaar hy dat daar weinig tekens is wat wys op die bou van 'n Suid-Afrikaanse nasie. En vervolg:

„Die beskikking van God in die geskiedenis was dan ook anders. Hier het 'n nuwe nasie ontstaan met 'n eie identiteit, en daarnaas handhaaf die Engelse nog hul identiteit. Die Afrikanerdom is gedetermineerd om sy geestelike erfenis te bewaar en sal hom nie leen vir opsmeltingsprosesse nie. Wat natuurlik nie beteken dat samewerking met die oog op gemeenskaplike gevare uitgesluit is nie."

### KOESTER

Met betrekking tot die „Krisis" skryf hy:

„Die politieke stryd waarin ons nou weer gewikkel is, toon ten oorvloede aan dat ons die republikeinse ideaal meer as ooit moet koester. As ons sake in hulle grond bestudeer, lê die wortel van ons moeilikhede in die verowering van die twee Republieke deur Engeland. En ons sal nie rus vind nie voordat ons 'n nuwe Konstitusie het wat ons volkome vryheid gee, wat die toekoms vir ons kinders verseker en wat reg sal laat geskied aan alle rasse.

### PARTYSTELSEL

„Die Britse partystelsel wat by ons in swang is, verhinder 'n volk se aanpak van vraagstukke. Dit blyk nou weer duidelik. Die opposisie moet sekere maatreëls van die regering opponeer, omdat hy dit nie self geloods het nie. Die inmenging van die Britse Arbeidersparty in ons interne aangeleenthede, met name in ons naturellebeleid, en die Britse Afrika-beleid is 'n ander bewys dat daar vir ons binne die Britse Gemenebes groot gevare dreig. Die ontwerp-konstitusie vir die federatiewe staat in Midde-Afrika voorspel ook vir ons niks goeds nie."

# HULLE VEG DAAR VER

Mnr. H. P. Wassermann, Lang Riet, Humansdorp, skryf:

Die stryd wat die Verenigde Volke teen die kommunisme voer kom vir my in meer as een opsig soos 'n klugspel voor. Daar in Korea word jaarliks miljoene ponde gespandeer aan oorlogvoering teen die kommuniste. Menselewens word opgeoffer en die ganse Westerse wêreld gaan ekonomies swaar gebuk onder die las wat hierdie oorlog met hom meebring, maar in die lande van die Weste wat aan daardie stryd deelneem, word bloedweinig of niks gedoen om die kommunisme uit te roei nie. In landse soos Amerika, Brittanje, Frankryk, Italië, en ander is derduisende kommuniste vandag besig om hulle bose leer te verkondig, sonder dat daar met ferme hand teen opgetree word. Is dit nie 'n verspotte spulletjie nie? Sou dit dan nie veel beter wees om so spoedig moontlik die oorlogstryd in Korea te staak en om die stryd aan die tuisfront in elke afsonderlike land te voer nie? As elke Westerse land en Suid-Afrika voor eie deur vee en kommuniste met wortel en tak uitroei, sal die Koreaanse stryd mos nie nodig wees nie. Maar wat gebeur vandag? Die Verenigde Volke sit en speel met die kommuniste in hulle eie lande maar hulle is bereid om miljoene ponde te spandeer om die kommunisme daar in die verre Korea teen te staan. Is dit nie dwaas van die Verenigde Volke om so op te tree nie? En Suid-Afrika? Het die tyd nie vir ons aangebreek om ons los te maak van die Koreaanse oorlog en die stryd teen die kommunisme eers hier klaar te voer nie? Hitler het gesê ek is al man wat teen die kommunisme veg, maar as die wal gebreek is sal kommunisme soos 'n vloedgolf oor die wêreld rol. Vandag sit die nasies opgeskeep met kommunisme.

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

# KOMMANDO NOG VOLTALLIG

Mnr. P. A. J. van Dyk (komdt.), Napier, skryf:

Met die insameling van ledegelde het ons kommando nog steeds volgehou en honder persent van ons lede het hy verstryking nou weer betaal. Die bedanking van ons voormalige leier het hier geen uitwerking nie; ons staan getrou aan die O.B.-gedagte. Ons glo nie dat die meerderheidstem Gods stem is nie soos in die partye beweer word. Christus het nog altyd die minderhede vir sy doel gebruik.

Met die aanstelling van 'n nuwe K.G. deur die Grootraad is dit my bede dat 'n Godsman aangestel sal word wat nie alleen net Christelik is nie, maar ook 'n leier sal wees wat met opregte geloof in Christus sal glo, sodat die Ossewabrandwag weer sy volle krag kan herwin soos met die herontwaking van die Boeresiel in 1938.

# SKAF VREEMDE STELSEL AF

Mnr. M. J. Palm, Bethlehem, skryf:

Toe ek gesmelt het om my volk, die Afrikaners, bymekaar te wou sien, om segregasie deur te kry met tweederde-meerderheid, wat nou apartheid genoem word, het lede van Sy Majesteit se opposisie onder leiding van dr. D. F. Malan ook met die Bybel gekom om ons te wys dat die Smeltersregering volgens Bybel geen reg het om sy burgers te belas nie. Waarop ek die vriend versoek het om asseblief nie die Bybel deur die modder te trek in partypolitiek nie.

Dit was skandelik in my oë, en dit was nogal in aanwesigheid van 'n L.V. Ongelukkig moet Gods Woord nou weer deur die modder gesleep word deur 'n ander opposisie van Sy Majesteit, dr. De Vos. En dit alles weens die slegte onderduimse partypolitiek.

Nee Afrikaners, skaf af die partystelsel van broedertwis, en vervang dit met ons eie republikeinse volksraadstelsel van „Eendrag maak Mag," en „Ek is my broer se hoeder." Dan alleen kan ons seën verwag.

# „Lord Mayor"

Die Burgemeester van Durban moet na 1954 die Lord Mayor heet, lui 'n aanbeveling van 'n komitee van die stadsraad wat verslag gedoen het oor die wyse waarop Durban sy 100-jarige bestaan moet herdenk in 1954.

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**


### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOEREGENEESMIDDELS,- Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat** vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: **ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.** 18/6/5B

## BRILLE

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

GEHOORAPPARAAT

OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

**Besoek ons of skryf om besonderhede**

## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Giant Potloodskerpmakers | 24/3 |
| Elite Draadhegmasjiene | 38/0 |
| Dubbele Glas Inkpotte | 10/9 |
| Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. | 10/2 |
| Tikpapier 13 dm. x 8 dm. | 12/0 |
| Tikpapier 10 dm. x 8 dm. | 9/0 |
| Losblad Grootboeke—alle grootte in voorraad vanaf | 88/0 |

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Keeromstraat 95, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**

# GEDEELTELIKE APARTHEID LEI TOT ONDERWERPING VAN BLANKES

**Die onhoudbaarheid van 'n beleid van sogenaamde „apartheid" wat nie verder gaan as om net plaaslike skeiding tussen naturelle en blankes te maak sover dit woonplek en openbare dienste betref nie, dog origens die naturel inweef in die blanke ekonomiese lewe, word op oortuigende wyse aan die kaak gestel in 'n brosjure, „Integration or Separate Development," wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede uitgereik is. (Die brosjure, wat binnekort ook in Afrikaans beskikbaar sal wees, kos 1s. 3d. en is verkrygbaar van die Sekretaris, Posbus 238, Stellenbosch.)**

**Sabra se gevolgtrekking, nadat hy die verskillende moontlikhede van naturellebeleid ontleed het, is dat algehele segregasie die enigste reëling vir die verhoudinge tussen blank en swart is wat sowel regverdig teenoor die naturel as beveiligend vir blanke voortbestaan is. In die brosjure word aangetoon dat hierdie beleid wel uitvoerbaar is indien die blanke maar net bereid is om die nodige opofferings te doen wat van hom geverg word met die oog op sy eie selfbehoud.**

**Partypolitiek word as een van die belangrike struikelblokke in die weg van 'n oplossing van die naturellevraagstuk genoem. In die partypolitieke stryd word die idee van volledige apartheid belaglik gemaak en voorgehou as 'n onmoontlikheid of gevaar.**

**Die brosjure wys daarop dat die geskiedenis toon dat waar 'n enkeling of minderheidsgroep opgeneem is in die ekonomiese lewe van 'n gemeenskap, hy gewoonlik ook opgelos raak in die sosiale, politieke, kulturele en biologiese bestaan van daardie gemeenskap, en dat waar hierdie minderheidsgroep getalsterker of lewenskragtiger is as die oorspronklike, dit laasgenoemde is wat opgelos raak.**

„Dit is presies waarheen die beleid van ekonomiese inskakeling in Suid-Afrika die land na toe moet lei."

Volgens die sensus van 1946 was daar in daardie jaar 7,831,913 Bantoes in die Unie van wie 1,689,053 (of 21.6 persent) in die stedelike gebiede, 3,267,185 (of 41.7 persent) in die naturellegebiede en 2,457,915 op plase gewoon het. Dit is moontlik dat daar vandag 2,250,000 of selfs meer naturelle in ons stedelike gebiede is, en as 'n beleid van inskakeling (integrasie) gevolg word, sal hierdie getalle teen 'n geweldige tempo aanwas. **Oor nog 50 jaar sal daar ongeveer 12,000,000 naturelle teenoor 6,000,000 blankes in die blanke gebied woon indien voortgegaan word met die opname van naturelle in ons blanke ekonomiese lewe.**

### ONWEERSTAANBAAR

**In die lig hiervan kan aangeneem word dat die naturelle se aandrang op groter regte nie net sal toeneem nie maar uiteindelik onweerstaanbaar sal word. Hulle sal nie meer tevrede wees met die beperkte politieke regte wat hulle vandag besit nie, en indien hulle blywende inwoners van die blanke gebied is, sal weerhouding van politieke regte inderdaad ook immoreel wees.**

Die feit is dat die enigste gevolg van 'n integrasie-beleid sal wees dat die twee bevolkingsgroepe in 'n ewigdurende stryd gewikkel sal wees.

Indien daarmee volgehou word, sal die blanke homself alleen kan handhaaf deur onderdrukking van die naturellebevolking, en so 'n beleid sal in die aangesig van die naturelle se oorwig nie lank volgehou kan word nie. **Dit moet uiteindelik uitloop op die onderdrukking van die blankes deur die Naturelle.** Die naturelle sal nie altyd onontwikkeld bly nie. Die oomblik sal aanbreek wanneer hul boonste laag die onderste laag van die blankes sal bereik.

### TWEE SOORTE „APARTHEID"

Ten opsigte van 'n apartheidsbeleid is daar twee rigtings: (a) die wat voorstanders is van sogenaamde plaaslike apartheid met behoud van territoriale en ekonomiese integrasie, en (b) die wat glo dat die enigste logiese beleid dié is van territoriale skeiding en afsonderlike en onbelemmerde ontwikkeling. Eersgenoemde verlang net skeiding binne dieselfde territoriale en politieke raamwerk, met swart stede langs die blanke stede en aparte trein- en busdienste om die naturelle na hul werk binne die blanke stede te bring. Verder moet daar aparte werkplekke, aparte openbare geriewe, aparte in- en uitgange en aparte toustanery wees.

**SABRA meen dat voorstanders van hierdie beleid beweeg word deur oorwegings soos (a) dat die blanke maar net die bose dag moet uitstel omdat hy niks anders kan doen nie; (b) dat die gerief van die hede hoofsaak is en dat die oplossing van die vraagstuk maar oorgelaat moet word aan die nageslag. Die eerste gedagte is 'n verlammende defaitisme terwyl die tweede blykbaar die beginsel huldig dat die mens ten alle tye sy erfenis moet afstaan terwille van onmiddellike gewin.**

### POLITIEKE REGTE

Dit is baie duidelik dat hierdie vorm van apartheid nòg wrywing uitskakel nòg die moontlikheid van selfverwesenliking bied. Afsonderlike ontwikkeling binne so 'n stelsel kan net tot sekere hoogte uitgevoer word. Op die breë terrein van gemeenskaplike belange, wie sal daar beslis? Kan verwag word dat die naturel altyd 'n soort „raadpleging" sal aanvaar wat op 'n beginsel van minderwaardigheid of ongelykheid gegrond is?

**Die grootste en allesoorheersende vraagstuk, dié van politieke regte, word origens onopgelos gelaat deur hierdie vorm van apartheid, behalwe vir die natuurlike gevolg dat die naturellebevolking tot 'n integrale deel van die staat gemaak sal word waardeur die politieke vraagstuk net vererger sal word.**

### GEEN WARE APARTHEID

**Dit is, moet dus duidelik wees dat 'n beleid wat net plaaslike skeiding beoog geen bevredigende oplossing vir hierdie vraagstuk bied nie en gevolglik nie kan deurgaan vir 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling of apartheid nie.**

**Onder 'n beleid van aparte ontwikkeling kan alleen verstaan word die territoriale skeiding van Bantoe en blanke en die voorsiening van gebiede wat as nasionale en politieke tuistes moet dien vir die verskillende Bantoe-gemeenskappe en as blywende woonplekke vir die Bantoe-bevolking of die meerderheid van hulle.**

### WEL UITVOERBAAR

Op die vraag of so 'n beleid uitvoerbaar is, antwoord SABRA dat dit wel is mits die blanke bevolking dit begeer. Indien die volk bereid is om dieselfde offervaardigheid ten opsigte van hierdie oorheersende vraagstuk te openbaar wat hy by tye in sy geskiedenis geopenbaar het soos met die Groot Trek, die Vryheidsoorlog en die twee Wêreldoorloë, kan daar geen twyfel aan die uitvoerbaarheid daarvan bestaan nie.

**Maar afgesien van ander oorwegings is daar hoofsaaklik twee faktore wat 'n rol speel in verband met die uitvoerbaarheid en aanvaarding van 'n beleid van apartheid: eiebelang en die partypolitieke stryd.**

„Vir baie mense in die blanke gemeenskap is dit 'n troosvolle gedagte om te weet dat bediende Jim of Marie altyd byderhand is om op hul geringste bevel of wens die vuilwerk te doen en arbeid te verskaf waar nodig. Die blankes het 'n klein paradysie vir hulleself in Suid-Afrika gebou met gerief en gemak as die belangrikste oorweging. **Die Bantoe-werker het so noodsaaklik vir die land se ekonomie geword dat baie blankes die handhawing en volle benutting van hierdie soort arbeidsbron beskou as die belangrikste oorweging vir enige naturellebeleid.**

### SIEL VERKOOP

**„Beteken dit nie dat baie Suid-Afrikaners gewillig is om terwille van stoflike gewin en voorspoed hul siele en toekoms**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**van die land te verruil nie? Daar kan verder gevra word of daar enige ander beskaafde land is wat bereid sal wees om sy ekonomiese lewe aan die genade van „vreemde werkers" oor te laat!"**

'n Ander oorsaak is dat 'n groot deel van Suid-Afrika se nywerhede en nywerheidskapitaal in die hande van nie-Suid-Afrikaners is — mense wat net op winste uit is sonder 'n gedagte aan die maatskaplike en politieke vraagstukke.

**„Die tragedie van die hele saak is dat as gevolg van gevestigde belange en kunsmatige opposisie elke regering dit moeilik sal waag om 'n beleid van positiewe apartheid te aanvaar. 'n Verdere gevolg is dat die vraagstuk intussen toegelaat word om sy eie loop te neem, en 'n toestand is aan ontwikkel wat later waarskynlik nie verander sal kan word nie en dus die toekomstige beleid sal dikteer, ongeag die begeertes van die blanke bevolking." (Volgende keer: Algehele Apartheid).**

## Rhodesiese L.V. Steun Algehele Segregasie

**Nog 'n stem van algehele segregasie het in Suid-Rhodesië opgegaan. Dit is mnr. D. W. Lardner Burke, Verenigde Party-lid van die Suid-Rhodesiese parlement, wat verklaar het dat indien die blanke in daardie deel van Afrika wil voortbestaan moet daar vir hom beskerming wees, en die enigste beskerming waarvan hy weet is naturellestate waarheen die naturel kan gaan.**

Hy het Barotseland in Noord-Rhodesië en Niassaland genoem as moontlike naturellestate.

Die Britse beleid van gelykstelling begin al hoe meer die denkende Engelsman oortuig dat algehele segregasie die enigste kleurreëling in Suidelike Afrika is wat die blanke se baasskap in sy eie gebied kan waarborg sonder dat dit deur die liberalis of die wêreldmening afgekeur kan word as 'n beleid van onderdrukking.

# Zoeloehoof Begeer Algehele Skeiding

**Dat daar nog vrugbare steun onder die naturelle gevind kan word vir algehele segregasie het andermaal geblyk toe die Zoeloe-kaptein, Charles Hlengwa verlede week getuienis afgelê het voor die kommissie wat ondersoek instel na die ekonomiese ontwikkeling van die naturellegebiede. Hy het gesê dat daar twee naturellestate tot stand moet kom waar die naturelle hul eie bestuur kan hê langs die blanke staat. Die integrasie van naturelle in die blanke gebiede beskou hy as 'n verkeerde beleid. Dit is die ontstamde naturelle wat agiteer vir politieke regte in die blanke staat.**

Hlengwa meen dat al die Zoeloe-verwante stamme soos die Swasies, Kosas en Pondo's saam met die Zoeloes een staat moet vorm en die Basoeto's die ander.

„Ons Zoeloes wil ons rassesuiwerheid bewaar omdat ons deur God Zoeloes gemaak is. Mens kan nie die natuurlike loop van 'n rivier verander nie," het hy gesê.

Sy standpunt is dat die Zoeloes eendag selfregering moet ontvang wanneer hulle daarvoor geskik is. Ook moet die amptelike taal dan Zoeloe wees.

Hy is ten gunste van die ekonomiese ontwikkeling van die naturellegebiede met inbegrip van die oprigting van nywerhede, mits dit op taktvolle wyse aan die naturelle verduidelik word.

## Britte Is Sewende

**Volgens die oordeel van die Japanse militêre deskundige kolonel Masanobu Tsuji staan die Britte sewende op die lys van die wêreld se beste vegters. Sy rangorde is: (1) Sjinese; (2) Russe; (3) Gurkas; (4) Amerikaners; (5) Australiërs; (6) Indiërs; (7) Engelse. Hy plaas die Franse twaalfde op die lys.**

**Bowendien verklaar hy dat hy slegs die nasies in aanmerking geneem het teen wie hy self geveg het!**

## Oorlede op Sy President se Sterfdag

Dr. G. M. A. Heymans, lyfarts van president Kruger en later Suid-Afrikaanse gesant in Rome, is Maandag, 14 Julie — die sterfdag van president Kruger — in Kaapstad oorlede as gevolg van 'n val in die straat.

Toe die president indertyd na Europa gegaan het ná die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, het dr. Heymans met hom saamgegaan en die president is op 14 Julie 1904 in sy arms oorlede in Switserland. Dit was hy wat gesorg het dat die stoflike oorskot van die president na sy vaderland teruggebring is.

Dr. Heymans het sedert 1947 in Kaapstad gewoon nadat hy lank Unie-gesant in Rome was, en was 82 jaar oud.

**Van president Kruger het hy gesê dat hy die goedhartigste en eerlikste mens is wat hy ooit geken het.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

O.B.
VRIENDSKAPSENTRUM
Groote Kerkgebou 604, Kaapstad
Vir
Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg
Besoek ons wanneer u in Kaapstad is
*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

O.B. JAARGANGE
JAARGANG 1950—1951
Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.
PRAGTIG INGEBIND
*VOORRAAD BAIE BEPERK*
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad